

Gebed vir die Oujaar

Hemelse Vader

Die jaar se asem is bykans op; 2018 is amper verby. Teen die spoed van een dag op 'n slag het 2018 voor ons oë verbygesnel.

Ons dank U, Here, dat U op soveel verskillende maniere gedurende die afgelope jaar in ons midde teenwoordig was:

- *Toe dit donker was, het U u hemelse lig laat skyn.*
- *Toe slegte nuus in die omgewing was, het Jesus se Goeie Nuus opgedaag.*
- *Toe geweld en chaos gedreig het om oor te neem, het u vrede getriomfeer.*
- *Toe moed en hoop weggesyfer het in die sand, het die hoop wat U bring, in 'n paar harte bly brand.*

Op wonderlike maniere het U u vingerafdrukke op ons lewens agtergelaat in 2018:

- *Toe ons gepleit het, het U op u eie maniere ons gebede verhoor.*
- *Toe ons brood by die hemel gaan bedel het, was Christus ons nogmaals genadig en het Hy van voor af met ons begin.*
- *Toe ons dors was, was Lewende Water altyd in die nabyheid.*

O Here, U was en is steeds net een gebed ver.

En nou wink 2019. Ons weet nie wat alles vir ons voorlê nie, maar ons weet U sal in die nuwe jaar met ons wees. Daarom dat ons 2019 kan omhels. Ons is nie alleen nie. Ons is nie soos mense sonder hoop nie. Alles behalwe. Ons is u duurgekoopte eiendom. Tree vir tree loop ons saam met U, wat die Pad en die Eindbestemming is. In u Naam durf ons reuse aan en loop ons deur groen weivelde.

Dankie dat U ons hoop is!

Amen.

(nav 'n skrywe van Stephan Joubert)

GEBED BY DIE DOOPWATER

Genadige en goeie God

rondom die doopvont onthou ons vanoggend u regverdigheid en genade.

Ons onthou hoe U met 'n groot vloed regverdig geoordeel het oor die ongelowige wêreld.

Ook onthou ons dat U in u groot genade Noag en sy familie gered het.

Verder onthou ons dat U die farao en sy weermag in die Rooisee laat verdrink het, maar u eie mense droogvoets daardeur gelei het.

Ons dink ook aan die doop van Jesus, ons Here.

Daar is die water 'n teken gemaak van die heilsame vloed en volkome afwassing van al ons sonde.

Ons bid dat U ons deur dieselfde genade sal beskerm en met ware geloof in die Gees sal seën, sodat hierdie reddende vloed alle sonde wat uit Adam in ons is, sal verdrink, ons wat deel is van die familie van gelowiges wat droog en veilig bewaar word in die ark van die kerk.

Laat ons u Naam ywerig bly dien en vreugdevol hoop,

sodat ons met alle gelowiges die ewige lewe volgens u belofte sal ontvang.

Ons bid dit deur Jesus Christus ons Here.

Amen.

na aanleiding van Luther se Sondvloedgebed

Epiklese-gebed vir Pinkster

Here ons God

Toe die kerkklokke vanoggend so vrolik begin lui het, het dit ons herinner daaraan dat daar vanoggend 'n erediens is. En daarom het ons met vreugde opgekom na u huis, om hier vir U te kom aanbid. Dankie dat U ons met uitgestrekte arms ingewag het, Here. Dankie dat ons, toe ons die kerk ingestap het, kon weet: U is hier. Dit is u huis hierdie. En daarom, Almagtige God, dankie dat ons hier in u huis die rus en vreugde kan beleef van mense wat tuis gekom het in die teenwoordigheid van hulle hemelse Vader.

O Vader by wie ons geborgenheid gevind het, ons aanbid U!

Ons aanbid U, Here Jesus, U wat vir ons geword het die krag van God en die wysheid van God, U wat die Weg en die Waarheid en die Lewe is, U wat ons Verlosser is, maar ook ons Vriend, ons Hoof en Heer, U wat ons oudste Broer geword het op Golgota! Dankie dat U vir ons kom leer het hoe om te lewe, dat U vir ons die pad wat uitloop op die hemelstad kom voorleef en voorloop het, en dat ons kan volg in u voetstappe.

O Seun van God, U wat in die volheid van die tyd gekom het sodat ons gered kan word en kan lewe, ons aanbid U!

O Heilige Gees, ons dank U dat U op Pinksterdag uitgestort is op die kerk, dat U vandag nog in die kerk is en in ons harte woon, dat U gekom het om ons in die hele waarheid te lei, dat U gekom het om ons aan Jesus Christus vas te bind, sodat ons in verbondenheid met Hom die lewe kon vind. Dankie vir u Woord, die Bybel, wat U geïnspireer het en tot vandag toe nog gebruik om u kerk te lei. Wil U dit tog vandag ook doen, in hierdie erediens, sodat ons in u Woord die wysheid van God mag ontdek.

O Heil'ge Gees, ons bid U weer
- Gees van ons Vader en ons Heer -
maak van ons hart u woning!

O Gees van God wat in ons skyn;
die donker in ons laat verdwyn -
kom vul u tempelwoning!

Kom, Heer, ons Heer;
en versier ons met u deugde, gee ons vreugde.
Heer, U is die hoogste vreugde.

Amen.

Dankgebed na 'n feesmaal

Here

U gee ons u seëninge in oorfloed terwyl daar so baie mense is wat gebrek ly.
Ons tafel was oorlaai met heerlike kos, terwyl daar vandag mense is wat smag na 'n stukke brood.

Ons huis is vol dierbares terwyl daar vandag mense is wat prewel: ek het niemand nie.

U het u Seun vir ons gegee, ons verlos en aan ons die lewe gegee, terwyl miljoene mense in die wêreld sonder U en sonder hoop leef en sterf.

Dat U vir ons só oneindig goed is, sal ons nooit kan verstaan nie, maar ons loof U daarvoor!

Amen.